’N PUIK SKOOLJAAR

AKADEMIE

MATRIEKUITSLAE

- ► Nasionaal 13de meeste onderskeidings per leerder (Afrikaanse skole)
- ► Nasionaal 17de meeste aantal onderskeidings in Afrikaans Huistaal
- ► Presteer die beste in 6 vakke in die Motheo-distrik
- ► 9 leerders in die Vrystaatse top 50 (3de meeste ooit vir OMS)

Slaagsyfer	100%
Graadgemiddeld	68,3%
Universiteitsvrystelling	95,9%
Aantal leerders	146
A-gemiddelde	30
B-gemiddelde	43
Vakonderskeidings	320
Duxleerder > Millah Smith	90,9%

CON SPIRITO

Wen 4 toekennings in sangafdeling van nasionale Animato A Capella-kompetisie:

- Wenners van Animato 2025
- Beste musikaliteit
- Beste Afrikaanse verwerking
- Beste eie komposisie

DEBAT

► Senior span haal nasionale eindronde van ATKV-kompetisie
► Junior span 1ste in sentrale streek van Dink-of-Sink-kompetisie
► 2 junior spanne dring deur na nasionale ronde van Con Spirito-kompetisie

KOOR

Verower 'n goue toekenning op die ATKV se Applous-streeksfees ontvang
→ Goud is die hoogste eerbewys op die streeksfees

REDENAARS

> 2 eerste plekke in nasionale ronde van Oppie Tong Af-rdenaars
> 2 eerste plekke, 1 tweede plek, 4 derde plekke in nasionale ronde van Radikale Redenaars
> 5 leerders kwalifiseer vir nasionale ronde van Oppie Tong Af-redenaars
> 9 leerders haal nasionale ronde van Radikale Redenaars
> 1 leerder dring deur na nasionale ronde van ATKV-redenaars

TONEEL

= Wen nasionale Allegretto-toneelfees
= Wen streekronde van ATKV-tienertoneel
= Top 8-finalis in Allegretto se nasionale toneelfees
= Top 8-finalis in ATKV se nasionale toneelfees
= Beste produksie op Montagu-jeugtoneelfees.
= Beste komedie op FAK Allegretto Toneelfees se Gampu Week Twee
= Beste leerderproduksie op Allegretto-toneelfees se streeksronde

SA-KLEURE & KAMPIOENE

▶ VERTEENWOORDIG SA / VIR 'N SA-SPAN GEKIES:

- Karla Kock (atletiek)
- Rumé Burger (atletiek)
- Xylia Choene (hokkie)
- Dané Janse van Vuuren (hokkie)
- Marianne Louw (netbal)
- Carli Uÿs (netbal)
- Donna le Roux (tennis)
- Nestine van Rooyen (tennis)
- Mandie Claassens (tennis)
- Lika Claassens (tennis)
- Christelle Opperman (karate)
- Tholoane Mabope (dans)
- Rushelle Griffiths (dans)
- Hayley van Wyk (dans)
- Ané Heyns (dans)
- Milan Brandt (dans)
- Leané de Smidt (dans & gimnastiek)
- Letitia de Smidt (dans)
- Rouvé Janse van Rensburg (laser run)
- Danny Pienaar (biathle & triathle)
- Marné van Rensburg (biathle)
- Chani Britz (triathle & laser run)

▶ SA-KAMPIOENE (INDIVIDUE):

- Atletiek: Diné le Roux | Rumé Burger | Karla Kock
- Dans: Hanna Vorster | Kylie Steenkamp | Maryna Botha | Leané de Smidt | Hayley van Wyk | Rushelle Griffiths | Letitia de Smidt
- Laser run: Chani Britz
- Lewensredding: Janika Wessels
- Perdry: Lianri Fourie | Terina Retief | Lara Lubbe | Caro Nel
- Swem: Meandri de Vos | Leandi Prinsloo
- Tennis: Lika Claassens | Mandie Claassens
- Uithouritsport: Klara van Wyk

SA KAMPIOENE 2025

- Maryna Botha (dans)
- Chani Britz (laser run)
- Rumé Burger (atletiek)
- Lika Claassens (tennis)
- Mandie Claassens (tennis)
- Leané de Smidt (dans)
- Letitia de Smidt (dans)
- Meandri de Vos (swem)
- Lianri Fourie (perdry)
- Rushelle Griffiths (dans)
- Karla Kock (atletiek)
- Diné le Roux (atletiek)
- Lara Lubbe (perdry)
- Kaylin Maartens (dans)
- Caro Nel (perdry)
- Leandi Prinsloo (swem)
- Terina Retief (perdry)
- Kylie Steenkamp (dans)
- Hayley van Wyk (dans)
- Klara van Wyk (uithouritsport)
- Hanna Vorster (dans)
- Janika Wessels (lewensredding)

ATLETIEK

= 2de beste atletiekskool (uit 185 skole, albei geslagte) in Vrystaat

= Verbeter 6 rekords op Vrystaat-kampioenskap

= 17 atlete 'n Vrystaatkampioen

= Wen 18 medaljes (4 goud & 2 SA-rekords) op SA-skolekampioenskap

= Wen 10 medaljes op ASA-byeenkoms

= 1ste in Curro Top 14-byeenkoms

= 1ste in Sentraal Top 20-byeenkoms

= 4de in Grey/OMS-byeenkoms

= 4de in Noord t. Suid-byeenkoms

= 10de in NWU Top 30-byeenkoms

= 11de in Curro Podium Top 14-byeenkoms

HOKKIE

1STE SPAN

> Speel 63 | Wen 34 | Gelykop 14 | Verloor 15
> 1ste in Vrystaat
> 1ste in Stadsliga
> 6de in National All Girls' Festival
> 7de op SA-ranglys
> 9de in Girls Hockey Challenge
> 10de in St. Mary's-toernooi
> 11de in Super 12-toernooi

O.16A-SPAN

> 1ste in Vrystaat
> 1ste in Stadsliga
> 3de op SA-ranglys
> 7de in St. Mary's Kloof-toernooi
> 10de in Topskole-toernooi

O.14A-SPAN

> 1ste in Vrystaat
> 1ste in Stadsliga
> 5de op SA-ranglys
> 5de in Topskole-toernooi
> 7de in St. John's-toernooi

O.18B-SPAN

> 1ste in Union High-toernooi

O.18C-SPAN

> 1ste in Elsie Coetzer-toernooi

LANDLOOP

- 6 leerders vir die Vrystaatspan gekies
- 1 leerder in die top 3 (2de) op provinsiale kampioenskap

NETBAL

1STE SPAN

* Speel 62 | Wen 44 | Verloor 15 | Gelykop 3
* 1ste in Vrystaat
* 1ste in Motheo
* 4de in Irene Seymore-toernooi
* 5de in Wildeklawer-toernooi
* 10de in SA-kampioenskap

O.17A-SPAN

* 1ste in Vrystaat
* 1ste in Motheo
* 11de in SA-kampioenskap

O.16A-SPAN

* 1ste in Vrystaat
* 1ste in Motheo
* 12de in SA-kampioenskap

O.15A-SPAN

* 1ste in Vrystaat
* 1ste in Motheo
* 4de in SA-kampioenskap

O.14A-SPAN

* 1ste in Standard Bank Sentraal-toernooi
* 2de in Vrystaat
* 2de in Mangaung
* 4de in SA-kampioenskap

SWEM

> 1ste op Curro Aqua Elite Gala

> 2de op National Aquatic Festival

> 7de op Menloparkgala

> 20 goue medaljes op Interhoërgala

> 6 goud, 5 silwer, 6 brons op nasionale skolekampioenskap

> 1 silwer, 1 brons op nasionale junior kampioenskap

> 9 swemmers kwalifiseer vir nasionale junior kampioenskap

> 2 swemmers kwalifiseer vir nasionale kortbadkkampioenskap

> 5 swemmers haal Vrystaatspan vir nasionale skolekampioenskap

> 2 swemmers haal Vrystaatspan vir SA Opewaterkampioenskap

TENNIS

1STE SPAN
= Speel 27 | Wen 24 | Verloor 3
= SA-kampioen (nie-amptelik)
= 1ste in National All Girls' Festival
= 1ste in Absolute Menlo-toernooi
= 2de in Gerrie Berner-toernooi
= 3de in Amanda Coetzer-toernooi

A-SPAN
= 1ste in Fichardtpark-sportdag
= 3de in Voortrekker Limodo-toernooi

B-SPAN
= 1ste in Stadsliga se 1ste liga

2DE SPAN
= 2de in Tjaart Vorster-toernooi

0.15A-SPAN
= 1ste in Amanda Coetzer-toernooi
= 2de in Affies Prestige-toernooi

INDIVIDUEEL
= SA o.14-dubbelspelkampioen
= 2 SA o.14-enkelspel-bronsmedaljewenners

TWEEKAMP

→ 9 leerders vir provinsiale span gekies

→ 1 podiumplek (3de) op SA's

Klas van 2024 kyk terug op groot jaar

By die Hoër Meisieskool Oranje word met erns in sport meegeding, met oorgawe in kultuur deelgeneem, klipharde gespeel, maar die heel meeste gewoeker met akademie.

Die uitslae van die 2024-matrieklas is nogmaals 'n bewys daarvan.

Die slaagsyfer van 100% getuig ook dat daar erns gemaak word met elke leerling – presteerders en diegene wat in akademie kleitrap.

Boonop bied Oranje 'n sleutel vir verdere studie aan 'n universiteit aan 140 van die 146 matrieks. Die ander ses kwalifiseer vir diplomastudie.

Die nege leerlinge in die top-50 in die Vrystaat is die meeste uit enige skool.

Die nege is Millah Smith, Ingrid Fischer, Zan-Mari van Rooyen, Kaylin Oelschig, Luvé van der Merwe, Amy Fröhlich, Hannerie Rossouw, Anika Labuschagne en Naledi Botsane.

Altesaam 43 leerlinge het 'n B-gemiddeld behaal.

Oranje se 30 leerlinge wat 'n gemiddelde A-simbool behaal het, is op 21 Januarie op die skool se medaljefunksie vereer.

Die gewildste studiekeuse onder die leerlinge wat vanjaar by 'n tersiêre instansie gaan studeer, is BRek en medies (albei sewe leerlinge).

Die matriekuitslae het die kroon gespan op 'n opwindende jaar by Oranje waarin daar 'n paar eerstes was.

Die OMS-dansgroep was vir die heel eerste keer deel van die kultuurprogram by die Affie-interskole.

Die interskole teen die Hoër Meisieskool Paarl en Paarl Gimnasium het vir die eerste keer in 2024 plaasgevind. Swem was hier vir die eerste keer deel van 'n Oranje-inter.

Oranje het in die Paarl vir die eerste keer ooit twee H-netbalspanne (o.14 en o.19) by 'n interskole in die veld gestoot.

Nog 'n eerste was die gesamentlike kooroptrede van Oranje en die Eunice High School se skoolkore op die Vrystaat-kunswedstryd.

Hulle het saam 'n A++ simbool verwerf.

Oranje se eerste tennis-, hokkie- en netbalspanne het soos in 2022 weer almal onder die topdrie in die land geëindig.

Daarby is die nuwe sportsentrum vir die eerste keer in gebruik geneem.

...rische Herbst, Dominique du Plessis, Alana Beukes, ...uizen, Zandri du Plessis, Lisa Barnhoorn, Amy ..., Millah Smith, Ingrid Fischer en Anika Labuschagne.

Volksblad

Con Spirito wen weer gesogte titel!

Maandag 20 Mei 2024

Netwerk24.com

Tennistalent puik

LIENTJIE MENTZ

Donna le Roux (17) van die Hoër Meisieskool Oranje is een van vyf uiters talentvolle Suid-Afrikaners wat tot Saterdag 12 April deelneem aan die toernooi om die Billie Jean King-beker in Larnaca, Siprus.

Dit is 'n groepstoernooi vir groep 2 van Europa en Afrika.

Hoewel Donna nie so goed gevaar nie het in die eerste wedstryd, teen Magdalena Stoikovska, het sy en spanmaat Jahnie van Zyl die dubbelspel met 6 – 2 en 6 – 0 gewen teen Macedonië se span.

Op die tweede dag het die Suid-Afrikaanse span met die span van Kosovo afgereken (3 – 0). Donna het Vesa Gjinaj met 6 – 3, 3 – 6 en 6 – 3 in die stof laat byt.

Intussen het reën ammok gesaai in Bloemfontein waar die junior nasionale kampioenskapsbyeenkoms gespeel is.

Lika en Mandie Claassens, ook van Oranje, was Maandag in die o.14-dubbelspel met 6 – 3, 3 – 2 voor toe reën die wedstryd beëindig het. Hulle het ook die halfeindstryd van die o.14-enkelspel gehaal en is dus albei in die derde plek in die enkelspel.

Mandie en Lika Claassens van die Hoër Meisieskool Oranje het die o.14-dubbelspel in die junior nasionale kampioenskap gewen.

Donna le Roux van die Hoër Meisieskool Oranje is in die span wat om die Billie Jean King-beker meeding. Foto's: Verskaf

Nestine van Rooyen van Oranje was in die o.18-kwarteindstryd.

Meer as 500 junior spelers het aan dié toernooi van 2 tot 7 April deelgeneem.

...n die Hoër Meisieskool Oranje se *Vyf* is van links, voor: Miana Fourie (gr.11), Kayla Hogewind (gr.12) en Miné ...: Danaé du Plessis (gr.9) en Caitlin Erasmus (gr.12). Foto: Verskaf

Oranje se produksie wéér beste

LIENTJIE MENTZ

...sie het ook die vol-...yse gekry:
...ie hoogste eerbewys)
...pel: Miné Truter,
...d, Danaé du Plessis,
... Caitlin Erasmus;
...pel: Caitlin Eras-...

...sie: *Vyf*;
...iana Fourie,
...Miné Truter en
...anmari Erasmus;
...anmari Erasmus
...estuurder: Mila
...ateur: Abigail
... beste); en
...perateur:

Die meisies het ook deelgeneem aan die FAK Allegreto-toneelfees wat van 31 Julie tot 4 Augustus op die Gampu-week in Springs aangebied is.

Hier het die toneelstuk pryse gewen vir die beste vroulike byrol in 'n komedie (Miné), beste vroulike hoofrol in 'n komedie (Caitlin) en beste komedie. Die stuk was algeheel derde. Hulle wag nog om te hoor of hulle in die eindronde in September gaan optree.

Kort voor die ATKV-kompetisie het die groep gaan deelneem aan die Montagu-jeugtoneelfees van 7 tot 11 Augustus. Uit 22 produksies het *Vyf* pryse ontvang vir beste teks, beste regisseur, beste ensemble, beste ondertseunende aktrise (Caitlin) en beste produksie.

Rumé snel voort

LIENTJIE MENTZ

Die blits van Bloemfontein het haar stem weer dik gemaak – dié keer op senior vlak.

Rumé Burger (17) van die Hoër Meisieskool Oranje het die afgelope tyd die aandag op haar gevestig met haar blitsige tye.

Op die Suid-Afrikaanse senior atletiekkampioenskapsbyeenkoms op Saterdag 26 April in Potchefstroom het sy goud in die 200m verwerf.

Sy is heel moontlik die jongste atleet tot nog toe wat met dié titel kan spog.

Met dié oorwinning is sy die skolekampioen én die senior kampioen in die 200m.

Sy het die wedloop in 23.49 gewen, wat stadiger is as die tyd wat sy in Bloemfontein gehardloop het (23.35) vir die skolebyeenkoms.

Vroeg in April het sy 'n rekord in die 100m vir meisies o.17 verbeter. Sy het die wedloop op die nasionale hoërskole-atletiekbyeenkoms in 'n tyd van 11:43 gehardloop, wat 15 sekondes beter is as die rekord wat sedert 2006 gestaan het. Sy het ook die rekord in die 200m verbeter.

Die naweek was sy derde in die 100m, met nog 'n Bloemfonteiner, Gabby Marais (21), wat haar met drie sekondes geklop het. Rumé se tyd was 11.58.

Rumé is die oudste dogter van die voormalige Blitsbok Philip Burger.

Sy het haar afrigter Elinda Vorster nagedoen wat ook as skoolmeisie die derde plek in die 100m in die Sui... enskap verwerf... het Elinda egte... deur Suid-Afri... word. Elinda h... 1992 vermag.

Rumé Burger op die ... waar sy rekords in ...
Foto: Strauss Foto's

Leerlinge seëvier met kishoue op tennisbaan

Die Hoër Meisieskool Oranje se o.15A-tennisspan het vir 'n vierde keer uit ses jaar die Amanda Coetzer-toernooi gewen en is sodoende die nie-amptelike Suid-Afrikaanse kampioen. Hy het Affies op Saterdag 10 Mei met 8 – 2 in die eindstryd van die o.15-afdeling geklop.

Die span se ander seges was oor die Rhenish Girls' High (10 – 2), Hoërskool Waterkloof (12 – 0), Hoërskool Menlopark (12 – 0) en Paarl Girls' High (8 – 2, halfeindstryd).

Inge Ferreira en Yana Olivier was die beste o.15-dubbelspaar. Yana was ook die beste nr.3-speler (o.15) en het die eerbewys vir die beste sportmanskap ontvang.

Mieke le Roux was die beste nr.2-speler (o.15) en Mariaana Spamer die beste nr.4-speler (o.15).

Oranje se o.19A's het 'n trotse rekord voortgesit deur in elk van die 26 Amanda Coetzer-toernooie in die top drie te eindig. Dié span het Paarl Girls' 12 – 0 om die derde plek geklop.

Donna le Roux was die beste nr.1-speler (o.19); Lika Claassens die beste nr.4-speler (o.19); Zané Volskenck die beste nr.6-speler (o.19) en Ameli Bezuidenhout die beste nr.7-speler (o.19).

Yana Olivier is as lid van die beste o.15-dubbelspelpaar, asook die beste nr.3-speler (o.15), aangewys en het 'n eerbewys vir beste sportmanskap gekry. Foto: Verskaf